

## Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

### Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –  
en al u werke elke dag aanskou:  
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,  
hoe U dit elke dag so onderhou...

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!  
Hoe groot is U; hoe groot is U!  
Want deur die hele skepping klink dit saam:  
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.  
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.  
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles  
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

## Woorddiens

Tema: "Klippies van herinnering"

Skriflesing: Markus 1:4-11

<sup>4</sup> Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig.

<sup>5</sup> En die hele Joodse land en die inwoners van Jerusalem het uitgegaan na hom toe, en almal is deur hom gedoop in die Jordaanrivier met belydenis van hulle sondes.

<sup>6</sup> En Johannes was gekleed met kameelhare en 'n leergord om sy heupe, en hy het sprinkane en wilde heuning geëet.

<sup>7</sup> En hy het gepreek en gesê: Hy wat sterker is as ek, kom ná my, en ek is nie waardig om neer te buk en sy skoenriem los te maak nie.

<sup>8</sup> Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees.

<sup>9</sup> EN in daardie dae het Jesus van Násaret in Galiléa gekom en is deur Johannes in die Jordaan gedoop.

<sup>10</sup> En dadelik toe Hy opklim uit die water, sien Hy die hemele skeur en die Gees soos 'n duif op Hom neerdaal.

<sup>11</sup> En daar het 'n stem uit die hemele gekom: U is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

"A funeral is not death, any more than baptism is birth or marriage union. All three are the clumsy devices, coming now too late, now too early, by which Society would register the quick motions of man."

— E.M. Forster, Howards End

"Man wishes to be confirmed in his being by man, and wishes to have a presence in the being of the other....

Secretly and bashfully he watches for a YES which allows him to

be and which can come to him only from one human person to another."

— Martin Buber, I and Thou

### Broodjies vir die pad

"The great question that will be with us throughout this entire book: What did Jesus actually bring, if not world peace, universal prosperity, and a better world? What has he brought?

The answer is very simple: God.... He has brought God, and now we know his face, now we can call upon him. Now we know the path that we human beings have to take in this world. Jesus has brought God and with God the truth about our origin and destiny: faith, hope and love. It is only because of our hardness of heart that we think this is too little. Yes indeed, God's power works quietly in this world, but it is the true and the lasting power. Again and again, God's cause seems to be in its death throes. Yet over and over again it proves to be the thing that truly endures and saves."

— Pope Benedict XVI, Jesus of Nazareth: From the Baptism in the Jordan to the Transfiguration

"Love is not primarily a relationship to a specific person; it is an attitude, an ordination of character which determines the relatedness of the person to the whole world as a whole, not toward one object of love"

— Erich Fromm

Erich Fromm was a German-born U.S. psychoanalyst and social philosopher who explored the interaction between psychology and society. His works include *The Art of Loving*; *Love, Sexuality, and Matriarchy*; and *Man for Himself*. He died in 1980.

Fromm's theory is a rather unique blend of Freud and Marx. Freud, of course, emphasized the unconscious, biological drives, repression, and so on. In other words, Freud postulated that our characters were determined by biology. Marx, on the other hand, saw people as determined by their society, and most especially by their economic systems.

[https://www.goodreads.com/author/show/8788.Erich\\_Fromm](https://www.goodreads.com/author/show/8788.Erich_Fromm)

### Kyk weer met kind se oë óm en ín jouself

*Wilhelm Jordaan*

Ek herinner my 'n spotprent wat die banaliteit van Nuwejaarsvoornemens blootlê – dié van 'n rokende, drinkende dikkerd wat net ná 'n Nuwejaarsdag pootuit voor die TV uitgestrek lê en aankondig: "Ons sal maar volgende jaar weer probeer!"

Dit bevestig Nuwejaarsvoornemens is vir baie mense 'n speletjie; 'n woordritueel wat uitgevoer word om jouself te troos ty het darem daaraan gedink om iets lastigs reg te stel.

Hoe 'n mens in so 'n uitsiglose groef beland, kom dikwels uit lewensverveling en ontrugtering wat lei tot 'n verlies aan 'n diepliggende aptyt vir die lewe, vir lewensavontuur. En dit gebeur meedoënloos onopvallend.

As kind droom jy van avontuur, en in jou tienerjare word dié drome tot fantasieë omgewerk. Soms word sulke fantasieë deel van nuwe lewenshorisonne in vroeë volwassenheid.

Dan, algaande, word verpligte en verantwoordelikheid jou meester: lewensroetine, werk, kinders, huisverbande en

skuld. Daar is nie uitkomkans nie. Die lewe is saai en vervelig. Jy is ontnugter. Dít alles verhinder die soort lewensborreleng wat soos 'n fontein binne-in jou na die onbewerkte akkers van 'n nuwe jaar oorvloeい. Nuwe lewensborreleng is moontlik as jy met die oë van 'n kind na alles óm en ín jou kyk.

Soos die Nederlandse digter Adriaan Morriën skryf:  
 "Kinders speel met onsigbare dinge / Hulle gaan met minder as 'n skaduwee om! / Wat vir ons stom is, maak vir hulle geluid. / Waar ons niks sien nie, sien hulle die mooiste oë."

Wat dit sê, is dat ons oor moet begin, soos 'n kind weer 'n groentjie word. Vir baie het dít 'n slegte betekenis – jy is sonder kennis, kundigheid, insig en realisme. Vir N.P. van Wyk Louw had beginnerskap egter 'n ander betekenis – dié van die naïewe, skerpsinnige mens wat al die eue ken en tog kan la-la soos 'n babatjie. Dit is iemand wat bereid is om weer te begin en daarop ingestel is om lewensdinge, wat ook al swaar op die hart lê, vars en onbevange te benader.

Soos dié verhaaltjie vertel: 'n Japanse Zen-meester moes op 'n keer 'n geleerde ontvang wat wou weet hoe Zen werk. Die Zen-meester maak vir hulle tee. Hy skink die geleerde se koppie vol en bly toe aanhou skink sodat die tee oor die rand van die koppie begin stort en oor die rand van die piercing loop.

Verslae kyk die geleerde toe en kan hom naderhand nie meer bedwing nie. "Die koppie is klaar vol! Daar is nie meer plek nie!"

Waarop die Zen-meester sê: "Soos hierdie koppie is jy vol van jou eie opvattingen en verwagtings. Jy sal Zen nie verstaan as jy nie eers jóú koppie leegmaak nie. Die gees van 'n beginner is leeg – gereed om te aanvaar, in twyfel te trek, oopgestel te wees vir alle moontlikhede én om ongemak te hé oor maklike antwoorde."

Sulke selfsloping is egter moeilik juis omdat dit so maklik én gerieflik is om vanuit eie lewensrommel en daagliks rompslomp verbeeldingloos en daadloos 'n nuwe jaar in te gaan.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/kyk-weer-met-kind-se-oe-om-en-in-jouself-20171226>

---

"I'm not particularly in favor of doctrine or creed, ordination, the elevation of holy texts, the institution of church, or, for that matter, Christianity. Like most religions, it has irreconcilable shortcomings and an unforgivable history. What I do favor is the attempt to make sense of things by living within a story. The Christian story, for good or ill, is my inheritance."

— Elizabeth Jarrett Andrew, *On The Threshold: Home, Hardwood, and Holiness*

"In [the] early days, Muslims did not see Islam as a new, exclusive religion but as a continuation of the primordial faith of the 'People of the Book', the Jews and Christians. In one remarkable passage, God insists that Muslims must accept indiscriminately the revelations of every single one of God's messengers: Abraham, Isaac, Ishamel, Jacob, Moses, Jesus and all the other prophets. The Qur'an is simply a 'confirmation' of the previous scriptures. Nobody must be forced to accept Islam, because each of the revealed traditions had its own din; it was not God's will that all human beings should belong to the same faith community. God was not the exclusive property of any one tradition; the divine light could not be confined to a single lamp, belonged neither to the East or to the West, but enlightened all human beings. Muslims must speak courteously to the People of the Book, debate with them only in 'the most kindly manner', remember that they worshipped the same God, and not engage in pointless, aggressive disputes."

— Karen Armstrong, *The Case for God*

## Brood vir die pad

Hoop vir dié wat vreugdes van huis moes agterlaat  
*RRV*

In sy preek op Oukersaand vanjaar het pous Franciscus sy boodskap begin met 'n verwysing na Maria wat haar Eerstelingseun in 'n krip neergelê het omdat "daar geen plek in die herberg was nie" (Lukas 2:7).

As gevolg van die keiser se dekreet onderneem Josef en Maria die onsekere en geværlike reis na Bethlehem. Dáár, waar daar geen plek vir hulle was nie, ontspring die vonk van God se revolusionêre liefde. Sodoende ontstaan hoop vir diegene wat hul land agtergelaat het, hul drome verloor het en vervreemding en eensaamheid beleef.

In die voetspore van Maria en Josef, vervolg pous Franciscus, is verborge die spore van miljoene vlugtelinge in ons dag, mense wat ook hul land en geliefdes moes agterlaat.

Vir sommige van hierdie hedendaagse vlugtelinge is die reis gevul met hoop vir 'n nuwe toekoms, maar vir baie ander gaan dit bloot om oorlewing.

In haar gedig "Home" verwoord Warsan Shire, gebore in Oos-Afrika, treffend iets van die erva-ring van die miljoene vlugtelinge vir wie die lewe in die 21ste eeu inderdaad beteken dat daar nie vir jou plek is nie, dat jy moet vlug as gevolg van geweld en oorlog. Dat jy as gevolg van ekonomiese of politieke redes die bekendheid en vreugdes van huis noogdwendig moet agterlaat. En dat jy as ontheemde aan gevaar, miskenning, geweld en verontmens-liking blootgestel word.

Haar gedig begin met: "no one leaves home/ unless home is the mouth of a shark". En later in die gedig: "no one puts their children in a boat unless the water is safer than the land."

Gegewe hierdie en soortgelyke ervarings – ook in ons land en op ons vasteland – kan ons die pous se woorde ter harte neem dat hierdie realiteite vir 'n nuwe maatskaplike verbeelding vra, "sodat niemand hoef te voel dat daar vir hulle geen plek is nie".

Dit vra wel, merk die pous verder op, dat die mag van vrees deur die mag van die liefde ver-vang word. Hierdie is dan ook 'n liefde en teerheid wat nie gewoond raak aan ongeregtigheid nie. Dit is 'n liefde wat die moed het om, te midde van konflikte en spanninge, 'n ruimte van voorsiening en gasvryheid te help skep.

Miskien is dit nie 'n slegte Nuwejaarsvoorneme om in 2018 'n bydrae te wil lewer om só 'n nuwe sosiale verbeelding te help vestig nie.

En hiermee saam kan ons die woord van die engel aan Maria en die skaapwagters destyds opnuut toe-eien: "Moenie bang wees nie."

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/hoop-vir-die-wat-vreugdes-van-huis-moes-agterlaat-20171229>

---

"We should ask God to increase our hope when it is small, awaken it when it is dormant, confirm it when it is wavering, strengthen it when it is weak, and raise it up when it is overthrown."

— John Calvin

## Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
 waar daar liefde is, daar is God die Heer.  
*Ubi caritas, et amor  
 ubi caritas, Deus ibi est.*